**20 SEPTEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 96**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 96:10a**

**Die Here woon as koning onder die volk!**

Psalm 96 vorm deel van die lied wat Dawid laat sing het toe die ark na ‘n lang tyd van afwesigheid weer in Jerusalem ingebring is (1 Kron. 16). Die verbondsark was die simbool van God se teenwoordigheid onder sy volk. Daarom was die mense baie bly toe die ark Jerusalem ingedra en op Sionsberg in die tent wat daarvoor opgeslaan is, gesit is. God het weer onder sy volk kom woon en van Sionsberg, sy woonplek af, regeer Hy as koning!

Almal word opgeroep om God as koning te loof en te prys. In vers 1 tot 6 word die volk Israel veral opgeroep, in vers 7 tot 10 al die nasies en in vers 11 tot 13 die hele skepping. Almal moet God loof en prys oor sy reddingsdade in die verlede, die hede en die toekoms. Dié wat nie daarvan weet nie, moet daarvan vertel word. Almal moet weet: Die Here regeer, Hy is koning!

Sy koningskap het ‘n sigbare werklikheid geword toe God in Christus na hierdie wêreld gekom het en onder ons kom woon het. Hy het as koning Jerusalem binnegery op die rug van ‘n donkie. As koning het Hy gestry teen die duiwel, die sonde en die dood én oorwin. Hy regeer nou vanuit die hemel as koning oor alles en almal totdat Hy weer kom as regter wat regverdig gaan oordeel.

Kom laat ons in ‘n wêreld waarin al meer mense vra of die Here werklik regeer, verkondig dat Hy koning is!

*Sing: Psalm 96:1, 6 (1936-beryming)* *Ds Abri Pelser (Meyerspark)*